


## DIE PORTRETTE VAN JAN VAN RIEBEECK

Dr. C. de Jong  
*Universiteit van Suid-Afrika*

Die diskussie rondom die egte en die vermeende portrette van die stigter van blank Suid-Afrika het onlangs weer lewendig geword. Dit blyk uit die artikel deur C. de Jong in *Historia* van Desember 1973 gepubliseer onder die opskrif "Een echt portret en twee vermeende afbeeldingen van Jan van Riebeeck" en uit die bydrae deur Jocelyn Purcell, getitel "The Van Riebeeck portraits" in die *Quarterly Bulletin of the South African Library* (Kaapstad, deel 28 no. 4, Junie 1974). Jocelyn Purcell gee 'n opsomming van die portrette, hul herkoms en die mening oor hul egtheid.

In my bogenoemde artikel in *Historia* het ek melding gemaak van mnr. Ton Koot se mening dat die mansportret No. 244a in die Katalogus van die Rijksmuseum in Amsterdam (die portret met die familiewapen van die Van Riebeecks linksbo) nie Jan van Riebeeck nie maar Joan van Hoorn voorstel. Laasgenoemde was goewerneur-generaal oor die besittinge van die Verenigde Oost-Indische Compagnie (V.O.C.) in Asië en Afrika en skoonseun van Abraham van Riebeeck en is in 1711 oorlede. Mnr. Koot sien naamlik gelykenis met die erkende portret van Joan van Hoorn, afkomstig uit die versameling Van Pallandt te Rosendaal en afgebeeld in die boek van D. B. Bosman, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (Drukkerij Holland N.V., Amsterdam 1952, teenoor p. 68). Mnr. Koot sien geen gelykenis tussen No. 244a wat volgens hom en ander deskundiges swaar oorgeskilder is, en die portret wat No. 734 in die Katalogus van die Rijksmuseum is en wat tans algemeen as afkomstig van die portretskilder Dirck Craey beskou word. Craey het die werk in 1650 ongeveer in dieselfde tyd as die portret van Maria de (la) Queillerie, Jan se vrou, vervaardig. Mnr. Koot veronderstel dat die wapen van die familie Van Riebeeck op No. 244a tegelyk met die oorskildering van die gelaat en hande aangebring is, vermoedelik in die 18de eeu.

Die vasstelling van gelykenis en verskille tussen geskilderde portrette is blykbaar subjektief en nie altyd eenstemmig nie. In teenstelling met mnr. Koot sien dr. Anna Boeseken te Kaapstad geen gelykenis tussen No. 244a en Joan van Hoorn se erkende portret nie, maar wel tussen No. 244a (ondanks die swaar oorskildering) en No. 734 (toegeskryf aan Dirck Craey). No. 244a sou dateer van Batavia toe Van Riebeeck daar sekretaris van die Raad van Indië was. Volgens sommige sou die berg op die agtergrond die Tafelberg voorstel en die staf in die regterhand die teken van sy amp van Commandeur van die Kaapkolonie wees. Dr. Boeseken stem dus saam met dr. E. C. Godée Molsbergen, Van Riebeeck se biograaf, dat No. 244a inderdaad Jan van Riebeeck uitbeeld. Indien daar verskille in gelaatstrekke vasgestel word, skryf sy hulle toe aan verskille in uitbeeldingsvermoë van die twee skilders.



*Portret van Goewerneur-generaal Joan van Hoorn, in leven 1653-1711, aanwezig in de collectie Van Pallandt te Rosendaal. — Uit: D. B. Bosman, "Brieven van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana; Drukkery Holland, Amsterdam 1952, tegenover blz. 68.*

Prof. dr. W. Ph. Coolhaas te De Bilt (Nederland) het aan my geskryf dat No. 244a nie Joan van Hoorn kan voorstel nie omdat toe hy volwasse was, krae soos op No. 244a geskilder is, al lank uit die mode was. Hy voer dus 'n objektiewe kriterium, te wete die mode in kleredrag, vir datering van skilderye aan.

Verder het ek in *Historia* van Desember 1973 verwys na die portret wat op 1661 gedateer is en deur sommige aan die Haagse portretskilder Adriaen Hanneman (1601-71) toegeskryf is. Volgens 'n brief van dr. Alexander Joles in Junie 1974 aan die Redaksie van *Historia* gerig, het hy die skildery in 1938 van mnr. S. A. Simons, antikêr in Amsterdam, vir uitstalling in Kaapstad ontvang. By die skildery was toe twee sertifikate. Een was van dr. E. C. Godée Molsbergen; hy het verklaar dat die portret van 1661 'n naskildering van Dirck Craey se werk van 1650 is; blykbaar was hy in 1938 van mening dat die laasgenoemde portret (tans algemeen aan Craey toegeskryf) Jan van Riebeeck voorstel, in afwyking van die mening in sy lewensbeskrywing van Van Riebeeck wat in 1912 gepubliseer is; hierin beskou hy alleen No. 244a (die portret van Batavia) as die egte portret van die stigter van blank Suid-Afrika.

Die tweede sertifikaat wat die bedoelde portret van 1661 tot Van Riebeeck se beeltenis verklaar, was afkomstig van prof. W. Vogelsang van die Kunsthistorische Museum in Utrecht, Nederland; hy noem Adriaen Hanneman die skilder van die portret.

Hierdie skildery het verder 'n belangwekkende geskiedenis gehad. Dr. Joles het dit in 1939 na mnr. Simons teruggestuur. Dit was Joodse besit en om dit uit die hande van die Duitse besetter te hou is dit tydens die Tweede Wêreldoorlog verkoop aan die Historische Museum in Rotterdam wat dit in bruikleen aan die Museum Boymans in Rotterdam gegee het. Daar het prof. D. Bax van Kaapstad dit in Januarie 1951 bestudeer. In 1953 is die skildery by Sotheby in Londen geveil en deur dr. F. C. B. Smit van Somerset-Wes aangekoop. Dit is dus terug in Suid-Afrika.

Dr. Joles het in 'n brief aan *Historia* bevestig dat hy nog van mening is dat die portret van Hanneman is en Jan van Riebeeck voorstel. Hy beroep hom daarby op die verklaringe deur proff. E. C. Godée Molsbergen en Vogelsang.

Daarteenoor staan die mening van prof. D. Bax te Kaapstad wat deur hom in 'n brief aan my in Augustus 1974 uiteengesit is. In die eerste plek roep die jaartal 1661 op die skildery vrae by hom op. Jan van Riebeeck was toe commandeur in Kaapstad en dit is onwaarskynlik dat Hanneman in dié jaar Kaapstad besoek het. Dit is denkbaar dat hy die portret na die voorbeeld van 'n ander afbeelding in Nederland gemaak het, maar dit is waarskynliker dat die voorbeeld ontbreek het, omdat Jan van Riebeeck die portrette van hom en sy vrou Maria de la Queillerie na Suid-Afrika en in 1662 na Batavia saamgeneem het.

In die tweede plek sien prof. Bax geen gelykenis tussen enersyds die sogenaamde portret van Hanneman van 1661 en andersyds die portret van Craey van 1650 en die Indiese portret van 1664, No. 244a,

nie. Hy laat in die midde of die laasgenoemde portret van Jan van Riebeeck is. Hy skryf aan my oor die drie afbeeldings: “De gezichten verschillen te veel van elkaar. De kaken van (het portret van) 1661 zijn veel breder en massiever dan die van (de portretten van) 1650 en 1664. De kin is veel voller. Het snorretje van 1661 is erg ijl en groeit vlak onder de neus, terwijl het een gedeelte van de huid boven de bovenlip niet bedekt. De snorretjes van 1650 en 1664 zijn voller en groeien vlak boven de lip, terwijl het gedeelte onder de neus niet bedekt is. In (het portret van) 1661 zit rechts van het recheroog een klein wratje tegen de neus. Dit wratje ontbreekt in 1650 en 1664.”

Die kwaliteit van die portret van 1661 staan volgens prof. Bax agter by die kwaliteit wat in Hanneman se portrette reël is. Hy ontken derhalwe dat die bedoelde afbeelding van Hanneman is en Jan van Riebeeck voorstel.

Ek vermoed dat die laaste woord in die diskussie oor Van Riebeeck se portrette nog nie uitgespreek is nie.